Pinkstersondag
Tema: Die Heilige Gees stuur my/ons na . . .
Teks: Hand 1:1-8, 2:1-13

Teks:

Hand 1: My eerste boek, Teofilus, het ek geskrywe oor alles wat Jesus gedoen en geleer het, van die begin af [2]tot op die dag van sy hemelvaart. Voordat Hy in die hemel opgeneem is, het Hy deur die Heilige Gees bevele gegee aan die manne wat Hy as apostels uitgekies het. [3]Ná sy dood het Hy aan hulle met baie onbetwisbare bewyse ook getoon dat Hy lewe. In die loop van veertig dae het Hy by verskeie geleenthede aan hulle verskyn en met hulle oor die dinge van die koninkryk van God gepraat. [4]Terwyl Hy ’n keer saam met hulle aan tafel was, het Hy hulle beveel: “Moenie van Jerusalem af weggaan nie, maar bly wag op die gawe wat die Vader belowe het, soos julle van My gehoor het. [5]Johannes het wel met water gedoop, maar julle sal binne ’n paar dae met die Heilige Gees gedoop word.”[6]Toe hulle ’n keer weer bymekaar was, het hulle vir Jesus gevra: “Here, is dit nou die tyd dat U die koninkryk vir Israel weer gaan oprig?” [7]Hy het hulle geantwoord: “Dit is nie vir julle om die tyd en omstandigheid te weet wat die Vader in sy eie mag bepaal het nie. [8]Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld.”

Han 2: Toe die dag van die pinksterfees aanbreek, was hulle almal op een plek bymekaar. [2]Skielik was daar ’n geluid uit die hemel soos van ’n geweldige stormwind, en dit het die hele vertrek gevul waar hulle gesit het. [3]Hulle het iets soos vuur gesien wat in tonge verdeel en op elkeen van hulle gekom het. [4]Almal is met die Heilige Gees vervul en hulle het in ander tale begin praat soos die Heilige Gees dit aan hulle gegee het om onder sy leiding te doen. [5]Daar het godsdienstige Jode uit al die nasies onder die son in Jerusalem gewoon. [6]Toe die mense die geluid hoor, het ’n groot skare saamgedrom. En omdat elkeen gehoor het hoe daar in sy eie taal gepraat word, het hulle nie geweet hoe hulle dit het nie. [7]Verras en verbaas sê hulle toe: “Die mense wat daar praat, is tog almal Galileërs. [8]Hoe hoor elkeen van ons dan sy eie moedertaal? [9]Perse, Mediërs en Elamiete, sowel as die inwoners van Mesopotamië, Judea en Kappadosië, Pontus en die provinsie Asië, [10]Frigië en Pamfilië, Egipte en die dele van Libië om Sirene, mense uit Rome, [11]Jode sowel as heidene wat die Joodse geloof aangeneem het, Kretensers en Arabiere—ons hoor hulle in ons eie tale praat oor die groot dinge wat God gedoen het.” [12]Hulle was almal verbaas en uit die veld geslaan. Party het vir mekaar gevra: “Wat kan dit tog

beteken?” [13]Maar party het gespot en gesê: “Hulle is dronk.”

Woordverkondiging

Ons tema vandag: Die Heilige Gees stuur my/ons na . . . Die geprojekteerde **foto op die skerm van die boot wat die hawe verlaat**, is vir my ’n veelseggende foto van wat kerkwees of my Christenskap behels. Ek is deur God gestuur na . . Waar ek ookal is, is ek ’n gestuurde van die Here. Ek verstaan dat ek vanoggend deur God hierheen gestuur is om onder andere die Woord van God aan jou te bedien. Terselfdertyd is jy en ek ook vanoggend gestuur om mekaar te versorg, te inspireer, op te bou, te mobiliseer, te begelei om as 7-dag Christene te leef. Ons is hierheen gestuur en God stuur ons weer hiervandaan na daar waar ons woon, werk en leef. Kinders van die Here verstaan dat hulle altyd gestuurdes van die Here is.

As Christene, wat onsself vereenselwig met die leer en lewe van Jesus, kan nie anders as om oor onsself te dink as gestuurdes van die Here nie. Met die roeping van die eerste dissipels is die inhoud van Jesus se roeping: **“Kom hier! Kom saam met My, en Ek sal julle vissers van mense maak.” (Mark 1:17).** Jesus beskou Homself ook as ’n gestuurde van God. In Luk 4 beskryf Hy sy eie roeping met die woorde: **[18]“Die Gees van die Here is op My omdat Hy My gesalf het om die evangelie aan armes te verkondig. Hy het My gestuur om vrylating vir gevangenes uit te roep en herstel van gesig vir blindes, om onderdruktes in vryheid uit te stuur, [19]om die genadejaar van die Here aan te kondig.”** Wanneer daar al ‘n hele klompie volgelinge/dissipels/leerlinge van Jesus is, stuur Jesus hulle twee-twee uit met die woorde: **“Die oes is groot, maar die arbeiders min. Bid dan die Here aan wie die oes behoort, om arbeiders uit te stuur vir sy oes. [3]Gaan nou! Maar onthou: Ek stuur julle soos lammers tussen wolwe in.” (Luk 10:2-3).** In die woorde van Matteus was Jesus se laaste opdrag aan hulle**: “Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde. [19]Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en [20]leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld.” (Matt 28:18-20).** In ons gelese gedeelte stel Lukas dit ook baie duidelik dat Jesus se laaste opdrag aan ons was: **“[8]Julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld”.** Wanneer die Heilige Gees oor hulle uitgestort word, praat hulle met groot vrymoedigheid in verskillende tale oor die Here en in Handelinge word ons vertel

hoe God met hulle ‘n pad loop om hul roeping as gestuurdes van die Here te ontdek.

Ek kan nie vanoggend, veral op Pinksterdag, nie anders as oor myself en jou te dink as ‘n gestuurde van die Here nie.

Maar wat beteken dit nou heel prakties? Ek wil graag twee werklike stories/getuienisse met julle deel:
Twee vroue drink saam koffie in ‘n restaurant. Die een is ‘n gelowige, die ander een nie. Altwee gaan deur ‘n moeilike tyd. Hulle is albei getroud en beide is in ‘n situasie waarin hulle met die werklikheid gekonfronteer is dat hul mans ‘n buite-egtelike verhouding het. Die vrou wat ‘n ongelowige is, vra vir die vrou wat ‘n gelowige is: Help jou Christenskap vir jou in ‘n tyd soos hierdie? Die gelowige vrou se antwoord daarop is: Netsoos jy is ek woedend vir my man; ek voel verneder; ek is hartseer; ek wil eintlik niks meer met hom te doen hê nie. Terselfdertyd besef ek ook dat ‘n lewe wat deur woede, vernedering en hartseer oorheers word, nie die antwoord is nie. Ek verstaan dat God in hierdie omstandighede vir my daar is en my help om my woede, vernedering en hartseer te verwerk; terselfdertyd is ek ook deel van ‘n gemeenskap van gelowiges wat my hierin bystaan. Die ongelowige vrou se reaksie hierop is: Woede, vernedering en hartseer het my oorweldig – sal jy my help om saam met jou in die omstandighede God se teenwoordigheid en sorg te beleef? Wat ‘n geleentheid om getuie vir die Here te wees? Die gelowige het die geleentheid om die ongelowige in haar lewe in te nooi en saam met haar God se liefdevolle teenwoordigheid en heling in hul gemeenskaplike seer te ontdek. Die gelowige word in haar seer ‘n gestuurde van die Here na ander wat ook seer is. Die ongelowige ontdek deur die seer van die gelowige vrou en haar medegelowiges die liefde en troue sorg van God en word gelowig.

Twee afgetrede mans sit in hotel saam met hul vrouens. Albei het ‘n vol lewe gehad, is geseën met baie geld, ervaring, kennis en tyd. Albei het gewag vir die dag dat hulle afgetree is; nie meer hoef te werk nie en te kan doen net wat hulle wil, maar dit was toe nie so rooskleuring as wat hulle gedink het nie. Om elke dag op te staan en te wonder wat jy vandag gaan doen, was vir ‘n paar maande lekker, maar nou begin verveeldheid oorneem. Niks is meer lekker nie en alles voel so doelloos en betekenisloos. Die een is gelowig, die ander een nie. Die gelowige man sê vir die ander een: Eintlik het die Here ons geweldig geseën. Ons het eintlik soveel om vir ander te bied. Ons het die ervaring, kennis en vaardighede, tyd en geld om in ander mense se lewens te belê. Die ongelowige raak saam met die gelowige betrokke binne die gemeenskap en ontdek God as ‘n werklikheid toe hy saam met sy

gelowige vriend ander begin seën met die seëninge waarmee hy geseën is. Die ongelowige word op grond van dit wat hy saam met die gelowige vriend van hom beleef 'n gelowige en ontdek vir die eerste keer in sy lewe ervaar hy dat hy iets betekenisvol doen.

So gee God elke dag vir ons 'n geleentheid om 'n gestuurde te wees en ander in te nooi om saam met ons God se teenwoordigheid te beleef, tekens van sy Koninkryk op te rig en saam opgewonde te raak oor waarheen God ons stuur.

Elke dag kruis jou pad met mense wat soekend is om te verstaan wie God is; seer is en soekend is na heling; verveeld is en soekend is om iets betekenisvol te doen; verward en teleurgesteld is in hom/haarself oor sy/haar lewe en weer rigting wil vind; ontnugter is oor die werklikheid rondom ons en wonder oor hoe ons uit dit alles sin kan maak. Ek en jy is gestuur na sulke mense. Daar is baie sulke geleenthede wat die Here vir ons gee om getuie te wees, dienskneg vir Hom te wees; tekens van Sy Koninkryk op te rig.

Die vraag is: Hoe bou ons kapasiteit om die geleenthede raak te sien en te benut om as gestuurde te reageer? Om kapasiteit hiervoor te bou, is daar sekere dinge nodig, soos ons sekere bestandele nodig het om 'n koek te kan bak. Met die lees van Handelinge ontdek ek dat ons ondere andere die volgende dinge nodig het wat ek onder vier hoofde wil plaas:

Sekere **houdings en oortuigings**

- Ons glo dat God, die Heilige Gees, besit neem van ons, Sy kinders maak en ons toerus vir dit waartoe Hy ons roep
- Ons gee onsself vir Hom,leef en werk vanuit 'n intieme verhouding met God en laat Hom ons lei deur sy Gees
- Ons gee om vir ander wat eensaam is, swaarkry en soekend is na God
- Ons glo dat God ons as diensknegte wil gebruik
- Ons glo dat elkeen van ons geroep is om 'n dissipel en dissipelmaker van die Here te wees
- God maak ons deel van 'n geloofsgemeenskap om saam met ander Sy gestuurdes te wees en uit te reik na 'n gemeenskap en 'n wêreld in nood
- Ons glo dat God die Seun, Verlosser is en vir mense lewe gee, hoop bring en gemeenskappe verander.

Basiese kennis

- Ons weet wat dissipelskap behels
- Ons ken die verhaal van God se verlossingsplan

- Ons verstaan die nood van my huisgenote, vriende, bure, mense saam met wie ek werk en die gemeenskap waarin ek woon
- Ons verstaan dat ons ook van ander kan leer en saam met hulle God se teenwoordigheid kan ontdek
- Ons verstaan dat ons ander kan help om God raak te sien en vir Hom te wil leef

Vaardighede

- Ons kan die Here se Woord lees en ervaar dat Hy ons deur Sy Woord en Gees lei
- Ons kan ander help om God in hul lewens te ontdek en as Here van oor sy lewe te aanvaar – tot bekering te kom, geloofsekerheid te hê
- Ons kan ander nooi om saam met ons die Here te aanbid en saam met ons die Here se teenwoordigheid te beleef
- Ons kan ander mense in kontak met ander gelowiges bring wat wandel in die Here se Woord en ingestel is op die belewing van God se teenwoordigheid in hierdie wêreld
- Ons kan ander toerus om ander te begelei om dissipels van die Here te wees

Gewoontes

- Ons maak erns met die beoefening van geestelike dissiplines
- Ons maak voortdurend seker dat ons erns maak met ons roeping as getuie/gestuurde van die Here
- Ons bid gereeld dat die Here ons sal help om sy roeping vir Hom uit te leef
- Ons nooi ander om saam met ons die Here se teenwoordigheid by die huis, werkplek en gemeente te beleef
- Ons bid vir ons huisgenote, die mense saam met wie ons werk en die mense rondom ons

Ek is ‘n gestuurde!! Jy is gestuur! Ons is almal gestuur! Wat ‘n voorreg!!